Oktober 2012

Dagsê al die belangstellendes in die geskiedenis van ou Pretoria,

Hier is nog een van die artikels wat in 1988 in die Pretoria News verskyn het. Ek het dit aangevul met foto's van 'n paar poskaarte uit my versameling.

**2. Pretoria Gister en vandag** [Pretoria News 1988-02-05]



Victoria Bridge

The two cyclists (above) pedalling towards the centre of Pretoria are crossing Victoria Bridge where Jacob Maré Street loses its identity and becomes Rissik Street.

In 1900 the British military headquarters was in the British Agent's Residence, opposite the present Teachers' Training College.

The street which spanned the Apies River was a main artery from central Pretoria to Sunnyside. British engineers built a bridge over the Apies and named it after Queen Victoria.

The wrought-iron bridge shown here was erected later. The buildings on the left of the early picture stand on the site now occupied by a large flat complex.

The picture (below) shows the concrete bridge today – and how the skyline towards the west has changed over the years.

(Pretoriana picture submitted by Tom Andrews of Douglas Street, Colbyn. Text by staff writer Daan de Beer.)



Victoria Bridge in 1988

----------------------------------------------------------------
Hier volg die geskiedenis van die Victoriabrug soos opgeteken in ‘n Pretoriana tydskrif [Pr-98 p 43].

DIE VICTORIABRUG
deur Anton Jansen
Die Stadsraad van Pretoria soek inligting oor die sogenaamde Victoriabrug oor die Apiesrivier in Jacob Maréstraat. Ek het nie baie gegewens nie, maar wat ek het, volg hier.

Die "Publieke Werken" van die Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR) het 'n "Register van Bestekken 1887-1899 PW 302" gehad. ‘n Bestek is in beskrywing met volle besonderhede van ‘n uit te voere werk (in Engels: *building specification*).

Die heel eerste bestek in die register lui soos volg: Bestek No. 1
Omschrijving, Aard en Plaats van het Werk: Twee bruggen over Aapjesrivier te Pretoria, een in Kerkstraat-O. en een in Maréstraat-O.

Aantal Tekeningen: 1
Datum Tekeningen: 9 November 1887
Datum Bestek: 9 November 1887
Uitvoering Onderhoud: Verlenging 1 Oktober 1888
1 Julie 1888 – 4 maanden

Datum Contract: 11 April 1888 No 5
Aanneming Som: £1499.00.00
Naam van de Aannemer: J.J. Kirkness, Johannesburg
Minute No. R7036/87

Uit bogenoemde kan dus opgemerk word dat J.J. Kirkness op die twee brûe getender het en suksesvol was. As gekyk word na die tenderbedrag, dan kan dit nie groot brûe gewees het nie, want vir £750.00.00 per brug kan 'n mens nie veel brug kry nie. Ses jaar later bou Kirkness die Arcadia- of Leeubrug soos hy min of meer nou daar uitsien, vir £10880.00.00, dus 14 keer duurder.

In elk geval is die eerste brug in Jacob Maréstraat deur Kirkness gebou. Voordat egter met die bou begin word, skryf Wierda (Goewerments Argitek en Ingenieur) op 6 Desember 1887 aan die Landmeter-Generaal die volgende brief:

"Naar aanleiding van een onderhoud met den Landdrost heb ik de eer U te verzoeken ter plaatse van Meintjesdrift en in 'Lovers Walk' de richting der straten over Aapjesrivier in de richting der rivier zelven te willen uitbakenen."


Let op dat Wierda nie van Arcadia of Leeubrug praat nie, maar van Meintjesdrif. Maréstraat noem hy Lovers Walk in aanhalingstekens.

Op dieselfde dag skryf die "Landmeter Generaal" 'n nota aan die "Staats Secretaris" ... "dat het midden van Kerk- en Maré Straat ook het midden der bruggen moge (worden?)". Dus Meintjesdrif is gelyk aan Kerkstraat en Lovers Walk is gelyk aan Maréstraat.

Uit my argiewe weet ek dat die brug by Meintjesdrif hopeloos te klein was en dat in 1893 die nuwe groter brug daar gebou is, nadat dit deur stormvloed elke keer beskadig word. Gevolglik kan ons aanneem dat die Maréstraatbrug dieselfde lot ondergaan het.

Wanneer is die groter brug in Maréstraat gebou en wanneer en hoekom het hy sy naam as Victoriabrug gekry?

Ten slotte nog 'n aanhaling uit Wayfarer se rubriek in "Pretoria News" van 31 Augustus 1972: "….. I did it some years ago, said Herman Rex and handed me a booklet he had written about bridges and the planning done by Sytze Wopkes Wierda, the Transvaal Republic government engineer and architect. The Pretoria City Council has a copy of the booklet in its files. I wonder how many Pretoria City Councillors have read Herman Rex's booklet. He has recorded the history of every bridge built over the Apies River." [Julie 1976]




Poskaart nommer 1761. Gepubliseer deur Sallo Epstein & Co., Durban.
Gestuur op 14 Augustus 1907

Bostaande poskaart is heel moontlik een van die talle voetgangerbruggies oor die rivier. Op die kaart van 1889 [Kr-4] word nog geen brûe aangedui nie; die rivier loop oral bo-oor die strate. By Kerk- en Maréstrate is daar net 'n klein wit vierkantjie in die middel van die straat waar die rivier dit kruis.

In 1904 [Kr-8] vind ons die Arcadiabrug in Kerkstraat, Trambrug in Esselenstraat en die Victoriabrug in Maréstraat.




Poskaart Nommer 171. Uitgegee deur SAPSCO Real Photo, Bus 5792, Johannesburg




Poskaart nommer 100. B.F./C. Union Universelle Transvaal
Gestuur op 29 December 1904

Ek besef nou eers die waarde van ou poskaarte. Net jammer hulle is so skaars.

Groete tot volgende maand,
Rosa Swanepoel

Bronnelys

Pr-038 Jansen, Anton. 1962. **Die Victoriabrug.** Pretoriana, Nommer 38, April.
Pr-098 Rex, H.M. 1991. **Wierdabrug oor Sesmylspruit**. Pretoriana, Nommer 98, April.
Kr-4 Van Vooren, J. en Oerder, J.H. 1889. **Kaart van Pretoria Z.A.R**. (Schaal 400 Kaapsche [Rijnl.] voet = 1 Eng. dm).
Kr-8 **Donaldson & Hill's New Map of the City of Pretoria and Suburbs**. Compiled by D. Seccadanari, Engineer and Carthographer. Revised to Oct. 1904. (Scale 600 Cape feet = 1 inch)

---------------------------------------------------------------------------

Navraag van Carel-Johann de Bruin

Hallo Rosa
Kan jy my meer vertel van Munro & Kie, handelaar in ou Pta?
My oorgrootjie HNP Pretorius, jong boet van Andries Pretorius, het transport gery vir die handelaar tussen Durban en Pta. Ek sou graag wou weet waar was die besigheid, advertensie van die besigheid en 'n moontlike foto wou sien...
Of dalk is daar een van die lesers van die Pta Nuusbrief wat met inligting kan help?
Vriendelike groete

Carel-Johann de Bruin
0827333951
Pretoria

Kommentaar van Paul Els

Hi Rosa
Weet nie of julle al van die twee bruggies gepraat het wat naby die Fonteine is nie.
As jy Eeufees pad afkom vanaf VTH en so 40 meter voor die eerste robot aan die linkerkant is die eerste een.
Dan as jy oor daardie robot ry en links afdraai na die Fonteine sirkel so 100m aan die linkerkant is no 2.
Die is onder deur die treinspoor wat daar loop.
Ook geen datum nie. Ek het foto's wat ek kan stuur.
Groetnis